HARTKLOP:

Die Hartklop is ’n kwartaalikse nuusbrief met inligting wat van herhalende aard is, om sodoende die Polsslag op Sondae se lading so bietjie ligter te maak. Ons is egter op soek na lidmate wat belangstel en dalk die kundigheid het om deel te vorm van die redaksiespan van die Hartklop.

Ons wil dit graag uitbrei om ‘n volledige kwartaalblad te wees, met rubrieke soos; Oordenking; Bybelleesrooster; Humor; Nuwe intrekkers; Artikels deur lidmate; Briewe, ens.

Kontak enige van die predikante as jy belangstel.

AFHANKLIKHEIDSDIENSGROEP

Die groep staak voorlopig die weeklikse groepbyeenkomste op Donderdagaande vir ‘n tydjie as gevolg van oortydwerk en druk programme. Ons hoop om weer byeen te kom nadat die kursus “Ontdek jou kerk” afgehandel is. ***Indiwiduele bystand aan persone wat afhanklik is en hul naby-persone gaan egter voort.*** Mense wat bystand of inligting verlang kan een van die volgende lede skakel:

- Freddie Alberts, tel 011 918 0982 sel. 084 508 2229
- Peet Duvenage, tel. 011 747 7242; sel. 082 661 1470
- Hinke Norel, tel. 011 849 0165; sel. 083 488 5144

Wyksbraai.

Die volgende wyksbraai vind Sondag, 30 Mei, na die oggenddiens plaas. Hiermee word al ons nuwe intrekkers, asook wyke 3, 4, 32 en 33 hartlik uitgenooi na die braai. Lidmate uit ander wyke is natuurlik ook welkom om saam te kom kuier. Bring jou eie vleis, koeldrank, eetgerei en stoele en kom deel in die koinonia!

FIETSREN-BEAMPTES OPLEIDING

Eerskomende Donderdag 27 Mei, is daar opleiding vir almal wat tydens die fietsren as beamptes gaan optree. 19:00 in die konsistorie.

DEPRESSIE ONDERSTEUNING

Die Depressie-ondersteuningsgroep kom weer môre-aand om 19:00 in die konsistorie bymekaar. Ons gaan na ’n inspirerende DVD kyk, dit bespreek en toepas op ons lewens waarna ons lekker gaan kuier oor ’n koppie tee/koffie en verversings. Enigeen is baie welkom, al was jy nog nooit voorheen by die groep nie.

PREDIKANTE SE VERANT-WOORDELIKHEDE T.O.V BEDIENING

Ons gemeente se twee predikante was tot op hede verantwoordelik vir die bediening van die lidmate van hulle onderskeie samestellende gemeentes. Dr Braam en dr Sarel se werksverdeling is nou hersien en gaan soos volg daar uitsien: Dr Braam sal voortaan die besoekpunte (en nuwe intrekkers) bedien waarvan die gesinshoof ouer as 50jr is en dr Sarel die besoekpunte (en nuwe intrekkers) waarvan die gesinshoof jonger as 50jr is (statisties is hierdie verdeling baie naby aan 50/50). Die nuwe bedieningspatroon tree op 1 Junie in werking en word weer na elke twee jaar omgeswaai. Indien daar enige navrae is, skakel gerus met een van die predikante.

Op die Program

Maandag: **Bybelstudie Rynpark 9:30**
Rondom die kerk 19:00
Depressieondersteuning 19:00
Dinsdag: **Bybelstudie 18:30 en 19:30**
Woensdag: **Klassis Contrakta 19:00**
Donderdag: **Gebedsgroep 19:30**
Hoëskooljeug 19:00
Vrydag: **Gebedsgroep 5:30**
Bybelstudie 8:30

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

NOG 24 DAE TOT BY ONS "FOUNTAINS CYCLE RACE"!!!

Die reëlings vir die fietsresies, wat ons op 16 Junie vir die 9de keer aanbied, is in volle gang. Die hoofdoel is om koinonia in die gemeente te bevorder. Dit skep geleenthede vir elke lidmaat om op een of ander manier betrokke te raak, wat jou gawe of belangstelling ookal is.

GIEL DE BRUYN (0828883219) kan jou gebruik as beampte op die pad om die verkeer te reël vir die veiligheid van die fietsryers. **JAAP SMIT (0828035728)** soek nog hulp om die 1,000 (?) fietsryers op die terrein te beheer. As jy liewer in die kostent wil help is VALDA GOUWS (0829609688) die kontak persoon. **VERONICA VAN DER WATEREN (0842472321)** wag vir jou oproep om met die inskrywings te help.

Vir enige ander inligting i.v.m. die fietsren, kontak vir **WALTER BUMA (0824492850).**

Ons benodig dringend nog 12 beamptes en 6 bestuurders van “sweep vehicles” kontak asb. vir Giel. Nog 8 persone om op die terrein te help, kontak asb. vir Jaap, asook 6 persone om met die inskrywings te help kontak Veronica en 15 mense vir die kostent. Kontak asb. vir Walda.

Gawes

Kleingroepstudie No 8 handel oor gawes en ons wil dit graag met die hele gemeente deel.

‘n Genadegawe is ‘n uitsonderlike vermoë wat deur die Heilige Gees gegee word aan elke gelowige om diensbaar te wees ter wille van Christus, tot eer van God,

Tot opbou van mekaar en tot uitbouing van die kerk van Christus

1 Korinthiërs 12, 13 en 14 asook Ef. 4 en Petrus 4:10 kan gelees word om presies te sien waar gawes vandaan kom en hoe dit gebruik moet word.

Wat wel belangrik is, is die feit dat elke gelowige, volwassenes sowel as kinders, gawes ontvang het en dat die Here verwag dat ons dit sal gebruik (Lukas 19:11-27)

Dit gebeur so maklik dat ons nie ons gawes gebruik nie en dit onder ‘n emmer plaas en dit is verkeerd want ons lig moet skyn. Dit is slegs wanneer ons lig skyn dat ons ‘n verskil kan maak.

Gawes moet nie verwar word met die ampte in die kerk nie. Dit gebeur so dikwels dat ons dink dat die ampsdraers die mense is met gawes en daarom laat ons alles aan hulle oor. Ons dink ook verkeerdelik dat net mense met besondere gawes die Here kan dien en dit is ook ‘n groot fout. Wanneer ons gawes gebruik ontwikkel ons dit en word ons gemakliker om dit te gebruik en word ons ook beter daarmee.

Ons kry die Gawes van Organisasie; Skeppende vermoë; Onderskeiding; Bemoediging; Evangelisering; Geloof; Uitdeling; Gasvryheid; Voorbidding; Leierskap; Barmhartigheid; Profesie; Diens; Herderskap; Onderig. Dit is ook so dat die Vader ons elkeen uniek gemaak het en daarom is hierdie nie die enigste gawes nie, Hy kan ook vir ons besondere gawes gee. Daar is nie ‘n enkele lidmaat wat kan sê dat hy of sy nie ‘n gawe ontvang het nie; ons het almal die geskenke van ons Vader gekry. Ons kan wel onseker wees oor wat ons spesifieke gawe of gawes mag wees maar as ons bid en die Here vra sal Hy ons presies wys waar en hoe ons, ons geskenke moet gebruik.

Binne die raamwerk van hierdie gawes is daar soveel moontlikhede waarmee ons die Here kan verheerlik en waarmee ons, ons mede gelowiges kan dien. Kom ons neem elkeen een van ons gawes op en kyk hoe ons dit kan gebruik en kom ons kyk wat se verskil dit maak.

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Lees: 1 Korintiërs 13:1-13 **Teks:** 1 Korintiërs 13:4-7 **Tema**: Jou laaste skuif	Asgevolg van Pinkstersang-diens sal daar geen jeugdiens wees nie	**Pinkstersangdiens.** U word genooi om dit by te woon. En bring asb. 'n bordjie met vingereetgoed saam.

Dopper Jeug

WEEKPROGRAM
Geen Jeugdiens vanmiddag
Maandag: Bandoefening 7:00
Donderdag: Hoërskooljeug bybelstudie

Jeugband:
Die "band" is op soek na mense wat kan voorgaan in die sang tydens die jeugdienste, veral manlike stemme. Kontak Herman (herman@gkbenoni.co.za) As daar mense is wat instumente wil bespeel is hulle ook welkom

POLSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

23 Mei 2010

Welkom:
Harlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00 (vandag geen)
Aanddiens: 18:30
Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 15,17,18,19
Volgende week: wyke 20,21,22,23

Pinkstersangdiens.
Vandag om 18:30
Almal word genooi om dit by te woon, en asgevolg daarvan sal daar geen jeugdiens wees nie en die katkisasieklasse sal om 5:30 wees.

Verkies tot ouderling:
Ter approbasie verkies as ouderling: Dirk van der Wateren, Frans Muller en Jan de Vries. Ons wens hierdie broeders baie sterkte toe by die oorweging van die roeping.

Bevestiging:
Vanoggend word Henco Smit bevestig as diaken.

Verjaarsdae
Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.
23 Mei Roelf Herbst 0824439919
**25 Mei Smiley Kruger 0832899059
25 Mei Tessa Steyn 0828280479
26 Mei Susan Nienaber 0827822056
27 Mei Henriette Jansen 0839657582
27 Mei Anneke Salomons 0848404577
28 Mei Zelda Prinsloo 0848133124
*29 Mei Trudie Bester 082 750 2701
30 Mei Annette Venter 0823971895

Lief en Leed.

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.
Jomien Amoraal (076 411 7129) se motor is verlede week gekaap. Ons is dankbaar dat sy met haar lewe daarvan afgekom het. Ons bid dat sy krag mag kry in hierdie tyd om die trauma te verwerk.
Hannes Venter (083 230 2624) is die afgelope week geopereer, en is weer tuis.
Faan Nel (072 185 8514) se gesondheid is nie baie goed op die oomblik nie en sal na alle waarskynlikheid in die komende week duidelikheid kry oor sy diagnose.
Jan van Jaarsveld (078 743 1232) is verlede week gediagnoseer met longkanker

Geluk aan **Karin Botha en Zander Smith** met hul verlowing

Kollekte:
Die kollekte in die banke is vir die diens van barmhartigheid. By die deure vandag en volgende week vir Kerkkas. Verlede week se kollektes was DVB. R6531 en Trans Oranje Instituut R2055.

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

Op die Program:

Maandag:
Bybelstudie Rynpark 9:30
Rondom die kerk 19:00
Depressie ondersteuning 19:00

Dinsdag:
Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:30

Woensdag:
Klassis Contrakta 19:00

Donderdag:
Gebedsgroep 19:30
Hoërskooljeug 19:00

Vrydag:
Gebedsgroep 5:30
Bybelstudie 8:30